# Les 15 JESUS CHRISTUS MAAK DIE "TWEE-VADERS-EN-TWEE-SEUNS-BELOFTE" VIR HOMSELF WAAR

## 1. <u>'n Baie unieke persoon: twee keer 'n seun van twee Vaders!</u>

Kom ons lees weer die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7:

*"[8] Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: **<u>Ek het</u>** jou agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers. [9] Oral waar jy gegaan het, **<u>was Ek</u>** by jou; al jou vyande **<u>het Ek</u>** voor jou oë uitgedelg. **<u>Ek het</u>** jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde. [10] **<u>Ek het</u>** 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen [11] toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. **<u>Ek sal</u>** jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir 'n koningshuis gaan vestig. [12] Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, **<u>sal Ek</u>** een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. [13] **<u>Hy sal</u>** vir my Naam 'n huis bou, en **<u>Ek sal</u>** sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. [14] **<u>Ek sal</u>** vir hom 'n vader wees en Hy sal vir my 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. [15]Maar my trou **<u>sal Ek</u>** nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie. [16]Jou koningshuis en jou koningskap **<u>sal</u>** vir altyd voortbestaan. Jou troon **<u>sal</u>** altyd voortbestaan. [17]Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra."*

Kyk na vers 12 en vers 14!

In vers 12 beloof God dat een van Dawid se eie kleinkinders die beloofde koningskap sal ontvang. In vers 14 beloof God dat vir hierdie selfde persoon, God Vader sal wees, en Hy sal God se Seun wees.

Hierdie persoon aan wie God die koningskap gee, is dus 'n baie besondere persoon. Aan die een kant is Dawid sy voorouer en hy is 'n eie kleinkind van Dawid. Aan die ander kant is hierdie selfde koning God se eie Seun, en God is sy eie Vader.

Die beloofde koning het dus twee vaders, en Hyself is twee keer 'n seun: Hy sal Dawid as vader hê én vir God as Vader hê, Hy sal Dawid se seun wees én God se eie Seun wees.

## 2. <u>Die groot raaisel van die Seun van Dawid</u>

Jesus self het vir ons gewys dat dít die groot geheim van die Seun van Dawid is. Dit wys Hy vir die Fariseërs in Matteus 22 verse 41 tot 45:

*"[41] Toe die Fariseërs bymekaar was, vra Jesus vir hulle: [42] "Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?" "Dawid s'n," antwoord hulle Hom. [43] Hy sê toe vir hulle: Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan 'Here' genoem? Hy sê tog:*

*44 Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. 45 As Dawid Hom 'Here' noem, hoe kan Hy dan Dawid se seun wees?" 46 Niemand kon Hom daarop iets antwoord nie. Van dié dag af het niemand gewaag om Hom 'n vraag te stel nie."*

Jesus vra die Fariseërs om 'n raaisel te antwoord. Hulle moet sê wie se seun die Christus is.

Die woord 'Christus' is 'n Griekse woord. Dit is die vertaling van die Hebreeuse woord 'Messias'. Al twee hierdie woorde beteken – 'Gesalfde'. Die manier waarop konings in die ou tyd ingehuldig is, was om hulle met olie te salf. Die Christus of Messias is dus die een wat tot koning gesalf is deur God. Daarom vra Jesus eintlik vir hulle: Wie se seun gaan die beloofde koning wees?

Die Fariseërs sê dat die koning Dawid se seun gaan wees. Hulle is reg. Maar dit is net halfpad reg.

Daarom vra Jesus vir hulle nóg 'n raaisel. Dawid het Psalm 110 gedig. In hierdie Psalm noem Dawid sy eie seun wat koning gaan wees – Here. Dit beteken dat Dawid sy eie seun as God aanspreek.

Jesus vra hulle hoe Dawid sy eie seun God kan noem.

Die Fariseërs is vas! Hulle ken nie die antwoord nie!

Eintlik is die antwoord baie maklik. Hulle het net die een deel van die Dawidsbelofte genoem – die koning is Dawid se seun. Maar in vers 14 in 2 Sam. wys God dat hierdie koning ook God se eie Seun sal wees – en God sal sy eie Vader wees.

**Die antwoord op die raaisel wat hulle nie geken het nie – is: die koning sal twee Vaders hê en hy sal twee keer 'n Seun wees: Dawid se seun én God die Vader se eie Seun.**

**3. <u>Jesus se familiestamboom wys – Hy is Dawid se eie kleinseun</u>**

'n Familiestamboom is 'n lys van name wat só op mekaar volg: jy, jou pa, jou oupa, jou oupagrootjie, jou oorgrootjie, en so gaan jy aan so ver as wat jy die name ken.

Die Jode het baie noukeurig sulke stamboomregisters gehou. In Matteus 1:1 – 17 en Lukas 3:23 – 38 kry ons Jesus se stamboomregisters. Uit hierdie registers kan ons sien of hy een van Dawid se kleinseuns is of nie.

Kom ons kyk wat wys Matteus ons in verse 1, 6 en 17:

*"Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham: ... Isai was die vader van koning Dawid. Dawid was die vader van Salomo by die vrou Urija; ... Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus."*

Jesus is Dawid se eie seun! Sy familieregister bewys dit.

**4. <u>Jesus se werke wys Hy is die enigste Seun van God die Vader</u>**

Die apostel Johannes se getuienis oor Jesus is baie duidelik – Hy is nie net die seun van Dawid nie, Hy is God die Vader se enigste Seun. Dit is hoe Hy Jesus aankondig in Johannes 1:

*"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God en die Woord was self God.*
*2 Hy was reeds in die begin by God. 3 Alles het deur hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie ... 14 Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die **<u>enigste Seun van die Vader</u>** het, vol genade en waarheid."*

Jesus word hier "die Woord" van God genoem.

Kyk van wanneer af bestaan Jesus al!

Hy het lank voor Hy as die Seun van Dawid gebore is, al geleef! Waarna verwys die woorde "in die begin"? Dit verwys na Genesis 1: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep." Wie het die hemel en aarde geskape volgens Johannes? Dit is Jesus self. Hy was self God.

So, miljoene jare voor Jesus gebore is uit Maria, het Hy al bestaan en toe was Hy nie 'n mens nie. 'n Mens kan eers mens wees vanaf jou geboorte.

Dit is die geheim! Om die enigste Seun van die Vader te wees, beteken – Jesus is self die Skepper van die hemel en die aarde. Hy is nie maar net die Skepper se Seun nie – Hy is self die Skepper van hemel en aarde – van altyd af gewees, en is dit nog steeds vandag.

Die verhouding "Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir my 'n seun wees" beteken dat die seun van Dawid self die Skepper van hemel en aarde sal wees.

**5. <u>Die geheimenis word gesien deur geloof!</u>**

Johannes sê in vers 14 dat hulle Jesus se heerlikheid gesien het. Heerlikheid beteken om te sien Hy is die Here! Hy is die enigste Seun van die Vader.

Hoe het hulle dit gesien?

Jesus leer ons in Johannes 14 hoe ons sy heerlikheid sien:

*"[8] Toe sê Filippus vir Hom: "Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg." [8] En Jesus sê vir hom: "Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? [10] Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My is nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. [11] Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self."*

Die geheimenis wat ons moet sien – is dat Jesus Dawid se eie seun is, ŉ mens soos ons – maar dat Hy terselfdertyd die Skepper van hemel en aarde is. Dit is hoekom Jesus die enigste Seun van die Vader is: Hy is God, nes die Vader God is.

Dit sien ons in die werke van Jesus: Hy doen wat net God alleen kan doen: Hy genees siekes met ŉ woord; Hy wek dooies op; Hy loop op water; Hy verander water in wyn; Hy maak brood en vis meer – alles dinge wat net die Skepper van hemel en aarde kan doen.

Wanneer ons glo Jesus is God én mens terselfdertyd – dan ken ons Hom en die Vader.

## 6. <u>Jesus maak die twee-Vaders-en-twee-seuns-belofte waar</u>

Wie is die enigste persoon wat die beloofde koning kan wees?

Dit is iemand wat Dawid se kleinseun is, en terselfdertyd die Seun van die Vader is. Wie is dit? Dit is Jesus Christus.

Sy stamboom wys Hy is Dawid se kleinseun, en sy wonders wys Hy is self die Skepper van die hemel en die aarde – Hy is die enigste Seun van die Vader.

## 7. <u>Afgodsdiens maak baie ander mense – net soos Jesus</u>

Ons het geleer dat in afgodsdiens, die aandag van God weggetrek word na mense wat hulleself uitgee as beelde van God. Daardeur verdraai hulle godsdiens op so manier dat ŉ mens sonde kan doen met die Here se goedkeuring.

Baie mense aanvaar nie dat Jesus die enigste persoon is wat mens en God terselfde tyd is nie. Hulle wil ook só wees, nes Jesus. Daarom leer hulle dat God die Vader nie net een is met Jesus sy enigste Seun nie – maar dat almal so kan wees.

Hoe leer hulle dit? Só! Jy is ʼn gewone mens, maar God het ʼn ander plan met jou! God wil in jou lewe inkom en één met jou word. Jou gees en God se Gees moet een Gees word – dan sal God se krag deel van jou eie lewe word.

Dit sal gebeur – so beloof hulle jou – as jy nie meer jouself is nie, nie meer jou eie lewe wil leef nie, nie meer jou eie besluite neem nie – maar God toelaat om die beheer van jou lewe oor te neem. As jy hierdie geestelike dade doen, dan sal God in jou inkom en sal God se goddelike krag jou lewe vervul. Dan sal God deur jou leef en sal jy God by ander mense verteenwoordig.

Hierdie goddelike krag sal jou dan beter laat leef, jou beter laat bid, jou gelukkig maak, jou gesond maak en alles wat verkeerd is, reg maak.

Hulle leer dit deur jou te vra om jou hart oop te maak en God binne-in jou lewe in te nooi.

Daar word ook belowe dat as jy só een met God word, sal God ook wonderwerke deur jou laat gebeur – net soos Jesus, sy enigste Seun, gedoen het.

Hierdie afgodsdiens vind elke dag in honderde kerke in ons land en oor die wêreld plaas.

**8. <u>Godsdiens ken net EEN PERSOON wat die enigste Seun van God is - Jesus: die seun van Dawid</u>**

Hoe kan ons godsdiens van hierdie afgodery onderskei? Maklik!

**8.1. <u>Hoeveel persone beloof die Bybel sal mens en God wees?</u>**

Net een! Daar is net een persoon wat twee Vaders sal hê en twee keer seun sal wees. Dit is nie ʼn belofte vir meer as net een persoon nie.

**8.2**. **<u>Hoe moet die persoon wees wat God en mens terselfdertyd is?</u>**

Hy moet ʼn regte, eie, kleinkind van Dawid wees – ʼn Jood dus!

Al die mense wat voorgee dat hulle en God se Gees een Gees is, en dat God deur hulle leef, is nie kleinkinders van Dawid nie. Net sy eie kleinkind kan so ʼn belofte ontvang.

Hy moet ook self die Seun van die Vader wees.

Daardie persoon moet self die Skepper wees – een in Gees met die Vader. Geen mens wat nie self die Skepper is nie, kan aanspraak maak op die heerlikheid dat die Vader se werke deur Hom gedoen word nie: nie genesings, opwekkings, of ander wonderwerke nie.

God deel nie sy krag, lewe en persoon met mense nie – Hy deel dit net met sy enigste Seun, wat self ook die Skepper van hemel en aarde is.

**8.3. <u>Jesus Christus maak die Dawidsbelofte vir Homself waar – nie vir ander nie</u>**

Jesus maak nie een van die Dawidsbeloftes vir ons waar nie. Dit is sy beloftes. Hy maak dit vir Homself waar. Hy maak Homself die enigste persoon wat Dawid en God die Vader se eie seuns is. Hierdie belofte deel Hy met niemand nie.

**9. <u>Oefening</u>**

1. Lees die volgende tekste en kyk hoe pas dit by 2 Sam. 7 verse 12 en 14:
   a. Matteus 3:16 en 17; b. Matt.17:5; c. Matt. 21:9.

2. Hoe sal jy iemand antwoord wat jou vra om God in jou lewe in te nooi en
   deel van sy lewe en krag te word?